



Western Cape  
Government

Western Cape  
Gambling and Racing Board

Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne • Ibhodi Yelentshona Kapa  
Yokungcakaza Ngemali Neyemidyarho

**HANDLEIDING INGEVOLGE  
ARTIKEL 14 VAN DIE WET OP  
DIE BEVORDERING VAN  
TOEGANG TOT INLIGTING,  
WET 2 VAN 2000, SOOS  
GEWYSIG**

## **INHOUDSOPGAWE**

<b>1. INLEIDING.....</b>	<b>4</b>
<b>2. VEREISTES INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN PAIA.....</b>	<b>4</b>
<b>2.1 STRUKTUUR .....</b>	<b>4</b>
<b>2.1.1 DIE WKRDW.....</b>	<b>4</b>
<b>2.1.2 HOOF UITVOERENDE BEAMPTER.....</b>	<b>4</b>
<b>2.1.3 KOMITEES VAN DIE WKRDW .....</b>	<b>5</b>
<b>2.1.4 DEPARTEMENTE VAN DIE WKRDW .....</b>	<b>5</b>
<b>2.1.5 ORGANISATORIESE STRUKTUUR VAN DIE WKRDW .....</b>	<b>6</b>
<b>2.2 FUNKSIES EN BEVOEGDHEDE .....</b>	<b>6</b>
<b>3. KONTAKBESONDERHEDE.....</b>	<b>7</b>
<b>4. GIDS DEUR DIE INLIGTINGSREGULEERED (SUID-AFRIKA).....</b>	<b>7</b>
<b>5. TOEGANG TOT REKORDS GEHOU DEUR DIE WKRDW .....</b>	<b>8</b>
<b>5.1 DIE VERSOEKPROSEDURE .....</b>	<b>8</b>
<b>6. KATEGORIEË REKORDS GEHOU DEUR DIE WKRDW .....</b>	<b>10</b>
<b>6.1 REKORD(S) WAT VERSOEK MAG WORD.....</b>	<b>10</b>
<b>6.2 REKORDS OUTOMATIES BESKIKBAAR.....</b>	<b>10</b>
<b>6.2.1 REKORDS VIR INSPEKSIE .....</b>	<b>10</b>
<b>6.2.2 REKORDS VIR DIE AANKOOP OF KOPIËRING .....</b>	<b>11</b>
<b>6.2.3 GRATIS REKORDS .....</b>	<b>11</b>
<b>7. INLIGTING VERWANTE MET POPIA.....</b>	<b>12</b>
<b>8. DIENSTE GELEWER DEUR DIE WKRDW AS 'N OPENBARE ENTITEIT .....</b>	<b>14</b>
<b>9. OPENBARE DEELNAMEPROSES IN DIE FORMULERING VAN BELEID OF UITVOERING VAN BEVOEGDHEDE OF NAKOMING VAN PLIGTE .....</b>	<b>15</b>
<b>10. REGSMIDDELE BESKIKBAAR IN DIE GEVAL VAN NIENAKOMING MET PAIA .....</b>	<b>16</b>
<b>11. BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING.....</b>	<b>16</b>

<b>12. VOORGESKREWE GELDE – OPENBARE LIGGAME .....</b>	<b>16</b>
<b>DEFINISIES .....</b>	<b>18</b>
<b>VORM 1:    VERSOEK OM ‘N KOPIE VAN DIE GIDS.....</b>	<b>21</b>
<b>VORM 2:    VERSOEK OM TOEGANG TOT REKORD.....</b>	<b>23</b>
<b>VORM 3:    UITSLAG VAN VERSOEK EN GELDE BETAALBAAR.....</b>	<b>27</b>
<b>VORM 4:    INDIENING VAN ‘N INTERNE APPÈL .....</b>	<b>30</b>
<b>VORM 5:    INDIENING VAN KLAGTE.....</b>	<b>33</b>
<b>AANHANGSEL B .....</b>	<b>40</b>
<b>GELDE .....</b>	<b>40</b>
<b>AANHANGSEL “WETTE” .....</b>	<b>41</b>
<b>REKORDS GEHOU IN TERME VAN ANDER WETGEWING .....</b>	<b>41</b>

## **1. INLEIDING**

Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000), soos gewysig ("PAIA") is uitgevaardig om uitvoering te gee aan die grondwetlike reg op toegang tot inligting wat deur die Staat of deur iemand anders gehou word, welke inligting benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige regte. Hierdie reg is verskans in Artikel 32 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

Die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne ("die WKRDW") is 'n Bylae 3C openbare entiteit ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), soos gewysig ("PFMA"). Die WKRDW is gestig ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996, soos gewysig (die Wet) en is ingevolge Artikel 14 van die PAIA verplig om 'n handleiding saam te stel rakende die rekords en inligting wat deur die WKRDW gehou word.

Die hoofdoel van die WKRDW is om alle dobbelary, wedrenne en aktiwiteite wat daarmee verband hou in die Provinsie van die Wes-Kaap te beheer, onderworpe aan die Wet en die beleidbepalings wat deur die Uitvoerende Raad uitgereik is. Die WKRDW is verantwoordelik vir die vestiging van vertroue en geloof van die publiek dat dobbelary in die Provinsie eerlik bedryf word, vry is van korrupte elemente en onwettige dobbel- en wedrenne-aktiwiteite.

## **2. VEREISTES INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN PAIA**

### **2.1 STRUKTUUR**

#### **2.1.1 DIE WKRDW**

Ingevolge die Wet word lede van die WKRDW deelyds deur die Uitvoerende Raad aangestel volgens die voorgeskrewe prosedure. Daar word voorsiening gemaak vir 'n openbare deelnameproses met die benoeming van kandidate vir aanstelling as raadslede.

Ingevolge die Wet bestaan die WKRDW uit sewe lede (nie-uitvoerend) wie geskikte persone sal wees met toepaslike kennis of ervaring. Die Provinsiale Minister van Finansies benoem, onder die lede van die WKRDW, die Voorsitter en Ondervoorsitter. Raadslede word aangestel vir 'n maksimum termyn van vier (4) jaar, met die opsie om 'n verlenging van een (1) jaar deur die Uitvoerende Raad te verkry.

#### **2.1.2 HOOF UITVOERENDE BEAMPTE**

Die Hoof Uitvoerende Beampte is 'n paslike gekwalifiseerde en ervare persoon wat deur die WKRDW aangestel is om die WKRDW by te staan in die uitvoering van die WKRDW se wetgewende mandaat. Die Hoof Uitvoerende Beampte is aanspreeklik vir die WKRDW met betrekking tot:

- (i) Die daaglikse sakebedrywigheede van die WKRDW;
- (ii) Die uitvoering van alle finansiële, administratiewe en klerklike verantwoordelikhede rakende die funksies van die WKRDW.

### **2.1.3 KOMITEES VAN DIE WKRDW**

Die WKRDW het, ingevolge Artikel 11 van die Wet, verskillende subkomitees uit sy lede saamgestel om toesig te hou oor spesifieke bedryfsverwante aangeleenthede vir die verskillende sektore van die dobbelbedryf. Die WKRDW het verder drie eksterne lede aangestel om in sy ouditkomitee te dien. Die WKRDW wys die voorsitter van 'n bepaalde komitee aan. Die komitees oefen die bevoegdhede uit en verrig die funksies onderhewig aan die bepalings van die Wet en die voorskrifte van die WKRDW wat nie in stryd is met sodanige bepalings nie. Die WKRDW het 'n handves vir elk van die subkomitees aangeneem waarin hulle mandaat uiteengesit word. Die komitees van die WKRDW is soos volg:


- (i) Ouditkomitee;
- (ii) Komitee oor Finansies, Inligtingstechnologie en Etiek;
- (iii) Komitee oor Perdewedrenne;
- (iv) Komitee oor Beperkte Uitbetaalmasjiene (LPM)
- (v) Casino-komitee;
- (vi) Komitee oor Menslike Kapitaal; en
- (vii) Lisensiëringskomitee.

### **2.1.4 DEPARTEMENTE VAN DIE WKRDW**

Die WKRDW het verskillende departemente wat help om uitvoering te gee aan die WKRDW se wetgewende mandaat en uitvoering van die WKRDW bevoegdhede en funksies. Die departemente is soos volg:

- (i) Kantoor van die Hoof Uitvoerende Beampte
- (ii) Die Departement van Regsdienste
- (iii) Die Departement van Menslike Hulpbronne
- (iv) Die Departement van Administrasie en Finansies
- (v) Die Departement van Regulatoriese Nakoming
- (vi) Die Departement Lisensiëring
- (vii) Die Departement Inligtingstechnologie (IT).

## 2.1.5 ORGANISATORIESE STRUKTUUR VAN DIE WKRDW



## 2.2 FUNKSIES EN BEVOEGDHEDE

Die WKRDW is gestig met die hoofdoel om dobbelary en wedrenne te beheer en te reguleer en alle ander aktiwiteite daaraan verbonde, in die Wes-Kaap. Die funksies en bevoegdhede daarvan word in Artikel 12 van die Wet uiteengesit. Samevattend is die funksie, bevoegdhede en rol van die WKRDW om:

- (i) Aansoeke vir lisensies te versoek ingevolge die Wet;
- (ii) Aansoeke vir nasionale en provinsiale lisensies te ontvang en ondersoek;
- (iii) Nasionale en provinsiale lisensies uit te reik aan kwalifiserende of geskikte persone, onderhewig aan die voorwaardes wat die WKRDW toepaslik ag;
- (iv) Die geskiktheid van persone te ondersoek wie 'n finansiële belang in 'n lisensiehouer bekom of in die besigheid waarop 'n lisensie betrekking het;
- (v) Verhore en ondersoeke te lei met betrekking tot die uitvoering van lisensies of wat verband hou met enige aangeleentheid wat die WKRDW ingevolge die Wet moet administreer;
- (vi) Voortdurende nakoming in die gelisensieerde bedryf te verseker en die oplê van administratiewe boetes of maatreëls soos die WKRDW toepaslik ag vir oortredings van die wet;
- (vii) Die publiek teen onwettige dobbelary te beskerm en die openbare vertrouwe en geloof van die publiek in gewettigde dobbelary te verseker;
- (viii) Onwettige dobbelaktiwiteite op te spoor en die vervolging daarvan te verseker;
- (ix) Belasting en heffings wat verskuldig is aan die provinsiale fiskus en alle statutêre fooie soos voorgeskryf deur die Wet, te administreer, bereken en in te vorder;

- (x) Deurlopende navorsing te doen oor dobbelary en wedrenne dwarsdeur die Provinsie en elders om op hoogte te bly en tekortkominge in die Wet en regulatoriese praktyke van die WKRDW op te spoor;
- (xi) Toepaslike lisensievoorwaardes op te lê vir effektiewe regulering;
- (xii) Reguleringsforums en konferensies by te woon om op hoogte te bly van die nuutste ontwikkelinge in die bedryf; en
- (xiii) In die algemeen, alle bevoegdhede uit te voer en funksies te verrig wat in die Wet gespesifiseer word en wat deur enige ander wet verleen word.

### 3. KONTAKBESONDERHEDE

#### Die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne

- **Inligtingsbeampte: Mnr Primo Abrahams (Hoof Uitvoerende Beampte)**  
E-pos: [primo@wcgrb.co.za](mailto:primo@wcgrb.co.za) / [ceo@wcgrb.co.za](mailto:ceo@wcgrb.co.za)
- **Adjunk-inligtingsbeampte: Me Yvonne Skepu**  
E-pos: [yvonne@wcgrb.co.za](mailto:yvonne@wcgrb.co.za)
- 'n lys met die name van die ander Adjunk-inligtingsbeamptes kan op die WKRDW se webwerf by [www.wcgrb.co.za](http://www.wcgrb.co.za) onder Kennisgewings gevind word
- **Inligtingsreguleerder Registrasie Nommer** – 20321/2021-2022/IRRTT.
- **Straatadres:** Fairway Slot 100  
Parow  
7500
- **Posadres:** Posbus 8175  
Roggebaai  
8012
- **Telefoon:** (021) 480 7400
- **Faks:** N/A
- **Website:** [www.wcgrb.co.za](http://www.wcgrb.co.za)

### 4. GIDS DEUR DIE INLIGTINGSREGULEERED (SUID-AFRIKA)

- 4.1 Die Inligtingsreguleerder (Suid-Afrika) het, soos voorgeskryf in Artikel 10 van PAIA, die PAIA Gids ("Die Gids") opgedateer, soos aanvanklik deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) saamgestel met betrekking tot die gebruik van PAIA.
- 4.2 Die Gids bevat die inligting wat persone lei oor hoe om enige reg uit te oefen wat in PAIA en POPIA beoog word, en skets die prosesse om persone te lei oor hoe om toegang tot sy/haar persoonlike inligting ingevolge Artikel 23 van POPIA te verkry.
- 4.3 Die Gids is beskikbaar in al die Suid-Afrikaanse amptelike tale op die webwerf van die Inligtingsreguleerder (Suid-Afrika) by <https://justice.gov.za/infereg/docs.html>. Die Gids kan ook verkry word uit die Staatskoerant, en enige persoon kan 'n afskrif van die Gids

van die Inligtingsreguleerder versoek deur die voorgeskrewe Vorm 1 wat onder **Aanhangsel "A"** uiteengesit is, te voltooi.

4.4 Lede van die publiek kan die Gids gedurende normale werksure inspekteer of afskrifte daarvan maak, hetsy by die kantore van die WKRDW (wat in Engels en Afrikaans beskikbaar is), of by die kantoor van die Inligtingsreguleerder (wat beskikbaar is in elke van die amptelike tale).

4.5 Indien u enige navrae oor die Gids het, kontak asseblief die Inligtingsreguleerder direk by:

- **Inligtingsbeampte:** Mr Mosalanyane Mosala (**Hoof Uitvoerende Beampte**)  
**Kontak Persoon:** Ms Pfano Nenweli  
E-pos: [PNenweli@justice.gov.za](mailto:PNenweli@justice.gov.za)
- **Adjunk-Inligtingsbeampte:** Ms Varsha Sewlal  
E-pos: [VarSewlal@justice.gov.za](mailto:VarSewlal@justice.gov.za)
- **Fisiese Adres:** JD Huis, Stiemens Straat 27  
Braamfontein  
Johannesburg  
2001
- **Posadres:** Posbus 31533  
Braamfontein  
Johannesburg  
2017
- **Telefoon:** 010 023 5200
- **Algemene navrae e-pos:** [inforeq@justice.gov.za](mailto:inforeq@justice.gov.za)
- **Klagte e-pos:** [complaints.IR@justice.gov.za](mailto:complaints.IR@justice.gov.za)

## 5. TOEGANG TOT REKORDS GEHOU DEUR DIE WKRDW

### 5.1 DIE VERSOEKPROSEDURE

5.1.1 Artikel 18 van die PAIA skryf die prosedure voor wat gevolg moet word om 'n versoek om toegang tot inligting wat deur 'n openbare liggaam gehou word, te rig. Die versoeker moet die voorgeskrewe vorm wat in **Aanhangsel "A"** uiteengesit word, gebruik wanneer hy/sy toegang tot 'n rekord versoek.

5.1.2 Die voorgeskrewe vorm moet aan die inligtingsbeampte of adjunkinligtingsbeampte gerig word en per hand, pos, per faks of e-pos aan hom haar voor gelê word, welke besonderhede in paragraaf 3 hierbo uiteengesit word.

5.1.3 Die versoeker moet voldoende inligting verstrek oor die versoeker en die rekord(s) wat versoek word, sodat die inligtingsbeampte die rekord(s) kan identifiseer.



- 5.1.4 Die versoeker moet, ingevolge Artikel 29(2) van PAIA, die vorm van toegang wat benodig word, aandui.
- 5.1.5 Die versoeker moet aandui of die aangevraagde rekord(s) in enige spesifieke taal verkies word.
- 5.1.6 Die versoeker moet die wyse waarop hy/sy ingelig wil word van die besluit oor die versoek en die nodige besonderhede om dienooreenkomstig in kennis gestel te word, aandui.
- 5.1.6.1 Die versoeker sal die inligting op die wyse soos aangedui ontvang. Artikel 29 (3) van PAIA dui egter aan dat die beskikbaarstelling van die inligting daarvan sal afhang of die versoek nie onredelik sal inmeng met die effektiewe administrasie van die WKRDW nie, die bewaring van die rekord(s) sal benadeel of inbreuk sal maak op enige outeursreg wat nie deur die Staat besit word nie.
- 5.1.6.2 Ingevolge Artikel 29(4), sou toegang in die vorm soos versoek, geweier word volgens Artikel 29(3), maar toegang word in 'n alternatiewe vorm gegee, mag die fooi nie hoër wees as die bedrag wat vir toegang gehef sou word in die aanvanklike vorm nie.
- 5.1.7 As die versoeker, benewens 'n skriftelike antwoord op die versoek om die rekord, op enige ander manier oor die besluit in kennis gestel wil word, moet die versoeker die wyse spesifiseer en die nodige besonderhede verskaf om dienooreenkomstig in kennis gestel te word.
- 5.1.8 Indien die versoeker namens 'n ander persoon 'n versoek rig om die inligting te bekom, moet hy of sy bewys lewer van die hoedanigheid waarin die versoek gerig word en die voorgeskrewe fooi betaal soos in **Aanhangsel “B”** uiteengesit.
- 5.1.9 'n Mondelinge versoek om toegang tot 'n rekord(s) kan gerig word indien die versoeker ongeletterd is of 'n gestremde het. Die inligtingsbeampte moet die voorgeskrewe vorm namens die versoeker invul en 'n afskrif van die voltooid vorm aan hom/haar voorsien.
- 5.1.10 Die versoeker sal in kennis gestel word van die voorgeskrewe fooi betaalbaar voordat 'n versoek om inligting verder verwerk word.
- 5.1.11 Die versoek om inligting sal ingevolge Artikel 25 van PAIA binne 30 dae na ontvangs van die versoek, of so gou as wat redelik moontlik is, deur die inligtingsbeampte verwerk word, waarna die inligtingsbeampte die versoeker in kennis sal stel van sy/haar besluit.
- 5.1.12 Artikel 26 van die PAIA skryf die gevalle voor waar die tydperk van 30 dae waarna in Artikel 25 verwys word, een keer met dertig dae verleng kan word.
- 5.1.13 As 'n versoek om toegang tot 'n rekord geweier, uitgestel of toegestaan is onderhewig aan onredelike gelde of in 'n onaanvaarbare vorm, kan die versoeker 'n interne appèl aanteken volgens Artikel 74 van PAIA. Artikel 74 maak voorsiening vir appèl teen die beslissing van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam soos verwys in paragraaf (a) van die definisie van "openbare liggaam" in Afdeling 1 van PAIA. Die WKRDW is 'n openbare liggaam soos verwys in paragraaf (b) van die definisie van "openbare liggaam" in Afdeling 1 van PAIA. Daarom mag geen interne appèl aangeteken word teen 'n beslissing van 'n inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam soos die WKRDW nie.

5.1.14 Verwys na afdeling 10 hieronder vir die regsmiddel beskikbaar aan 'n versoeker en/of derde party wat gegrief is deur 'n besluit van die inligtingsbeampte.

## 6. KATEGORIEË REKORDS GEHOU DEUR DIE WKRDW

### 6.1 REKORD(S) WAT VERSOEK MAG WORD

Ingevolge Artikel 14(1)(d) hou die WKRDW die volgende rekords wat via die PAIA-versoekproses versoek mag word:

DEPARTEMENT / FUNKSIES	REKORDS
Uitvoerende Departement: Regsdienste	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Dobbeltwetgewing van die WKRDW</li> <li>- Beleidsbeslissings</li> <li>- Versoeke om toegang tot inligting</li> <li>- Korrespondensie van wettige invoer</li> </ul>
Uitvoerende Departement: Sekretariaat	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Opnames en besluite van die WKRDW rakende openbare verhore</li> <li>- Notules van raadsvergaderings, volgens Artikel 19 en 17 van die Wet</li> </ul>
Uitvoerende Departement: Menslike Hulpbronne	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Advertensies vir poste by die WKRDW</li> <li>- Werwingsbeleid</li> <li>- Personeelrekords</li> </ul>
Departement Administrasie en Finansies	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Lys van aansoekers vir tenders</li> <li>- Lys van toegekende tenders</li> <li>- Voorsieningsketteringbestuur wetgewing</li> <li>- Jaarlikse Verslae</li> <li>- Strategiese Plan</li> <li>- Jaarlikse Prestasieplan</li> <li>- Die begroting van die WKRDW volgens die begrotingsberamings van Provinsiale Inkomste en Uitgawes, na dit in die Provinsiale Wetgewer voorgelê is</li> </ul>
Departement Lisensiëring	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Afskrifte van openbare inspeksies van aansoeke om lisensies, besware en antwoorde daarop</li> <li>- Lisensies en sertifikate met lisensievoorwaardes (onderworpe aan Artikel 17 van die Wet en PAIA-bepalings) uitgereik deur die WKRDW</li> </ul>

### 6.2 REKORDS OUTOMATIES BESKIKBAAR

Volgens Afdeling 15 van PAIA is die volgende rekords outomaties beskikbaar sonder dat 'n persoon ingevolge PAIA toegang hoef te versoek.

#### 6.2.1 REKORDS VIR INSPEKSIE

- Die Wes-Kaapse Wet op Dobbelay en Wedrenne en Regulasies

- Reëls van die WKRDW:
  - Bedryfsreëls vir beroepswedders;
  - Totalisatorreëls;
  - Casino-bedryfsreëls;
  - LPM-bedryfsreëls;
  - Wedrenne en weddenskappe bedryfsreëls;
- Dobbellisensies, goedkeuringsertifikaat en geskiktheidssertifikaat met algemene lisensievoorwaardes, waar van toepassing, en onderworpe aan die bepalings van Artikel 17 en PAIA.
- Openbare kennisgewings.
- Jaarlikse verslae van die WKRDW.
- Lys van dobbeltoestelle goedgekeur deur die WKRDW.

## 6.2.2 REKORDS VIR DIE AANKOOP OF KOPIËRING

- Die Wes-Kaapse Wet op Dobbelay en Wedrenne, Regulasies en Reëls
- WKRDW-tenderdokumente
- Uittreksels uit kopieë van lisensie-aansoeke vir openbare inspeksies.

## 6.2.3 GRATIS REKORDS

Die volgende aansoekvorms en rekords is beskikbaar vir drukwerk vanaf die WKRDW se webwerf, wat onder paragraaf 3 hierbo gelys word. Indien fisiese/harde kopieë by die WKRDW aangevra word, is daar 'n fooi betaalbaar vir sodanige kopieë:

- Die Wes-Kaapse Wet op Dobbelay en Wedrenne en Regulasies
- Reëls van die WKRDW:
  - Bedryfsreëls vir beroepswedders;
  - Totalisatorreëls;
  - Casino-bedryfsreëls;
  - LPM-bedryfsreëls; en
  - Wedrenne en weddenskappe bedryfsreëls;
- Aansoekvorms (nuwe/hernuwing) vir lisensies (insluitend nasionale lisensies), geskiktheidssertifikaat, goedkeuringsertifikaat, verkryging van finansiële belange in 'n lisensiehouer, werknemerslisensies
- Jaarlikse verslae van die WKRDW
- Openbare kennisgewings
- Versoek vir Aansoek (RFA)
- Vorms vir bekendmaking van sake-entiteite vir nuwe lisensie-aansoeke en die Uitspraak van Geskiktheid, hernuwing van die perseellisensie
- Kennisgewing van verkoop/ander vervreemding van finansiële belang (vorm LPM 58)
- Standaard ooreenkoms van perseelbestuurder
- Beëdigde verklarings ten opsigte van lisensie-aansoeke en die Uitspraak van Geskiktheid, verskeie werknemerslisensies, beperkte ondersoeke ten opsigte van integriteit en eerlikheid
- Vorm van Bekendmaking van Persoonlike Geskiedenis – Natuurlike Persoon
- Aansoekvorm vir perseellisensies
- Brief van Sertifisering (LOC) ten opsigte van dobbeltoestelle
- Dobbelgelde

- Prosedurele riglyne vir die indiening van besware teen aansoeke wat in die media geadverteer word

Geen kennisgewing is ingevolge Artikel 15(2) was gepubliseer nie.

## 7. INLIGTING VERWANTE MET POPIA

Ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 (“POPIA”), moet die WKRDW u 'n beskrywing gee van die persoonlike inligting wat die WKRDW verwerk, waarom dit verwerk word, en met wie die WKRDW hierdie inligting mag deel, welke informasie hieronder beskryf word:

<p><b>Persoonlike inligting wat die WKRDW verwerk</b></p> <p>Die tipe persoonlike inligting wat die WKRDW verwerk, sal afhang van die doel waarvoor dit versamel word.</p> <p>Die WKRDW sal aan u bekend maak waarom die persoonlike inligting versamel word, en die persoonlike inligting sal slegs vir daardie doel verwerk word, wat gedoen word in terme van die WKRDW se spesifieke en gedetailleerde verwerkingskennisgewings op die WKRDW-webwerf.</p> <p>Hieronder is 'n lys van die persoonlike inligting wat deur die WKRDW verwerk word, insluitend die kategorie van die betrokke persoon aan wie dit behoort. Die inligting wat in hierdie afdeling verskaf word, verwys na 'n breë kategorie van inligting.</p> <p>Hierdie lys is nie alomvattend nie.</p>
<p><b>Natuurlike persone:</b> name; kontakbesonderhede; fisiese en posadresse; geboortedatum; ID-nommer; belastingverwante inligting; nasionaliteit; geslag; vertroulike korrespondensie.</p>
<p><b>Regspersone / entiteite:</b> name van kontakpersone; naam van regspersoon; fisiese en posadres en kontakbesonderhede; finansiële inligting; registrasienommer; stigtingsdokumente; belastingverwante inligting; gemagtigde ondertekenaars; begunstigdes; uiteindelijke voordelige eienaars.</p>
<p><b>Buitelandse persone / entiteite:</b> name; kontakbesonderhede; fisiese en pos- adresse; finansiële inligting; geboortedatum; paspoortnommer; nasionaliteit; geslag; vertroulike korrespondensie; registrasienommer; stigtingsdokumente; belastingverwante inligting; gemagtigde ondertekenaars, begunstigdes; uiteindelijke voordelige eienaars.</p>
<p><b>Tussenganger / Adviseur:</b> name van kontakpersone; naam van regspersoon; fisiese en pos- adres en kontakbesonderhede; finansiële inligting; registrasienommer; stigtingsdokumente; belastingverwante inligting; gemagtigde ondertekenaars; begunstigdes; uiteindelijke voordelige eienaars.</p>

<p><b>Regulerende Owerheid - Natuurlike persone:</b> name; kontakbesonderhede; fisiese en posadres; geboortedatum; ID-nommer; belastingverwante inligting; nasionaliteit; geslag; vertroulike korrespondensie.</p>
<p><b>Firmas - Regspersone / entiteite:</b> name van kontakpersone; naam van regspersoon; fisiese en posadres en kontakbesonderhede; finansiële inligting; registrasienommer; stigtingsdokumente; belastingverwante inligting; gemagtigde ondertekenaars; begunstigdes; uiteindelijke voordelige eienaars.</p>
<p><b>Personeel, direkteure, bestuurders, komiteelede, werknemers en verwante partye:</b> geslag, swangerskap; huwelikstatus; inligting oor ras, ouderdom, taal, opvoeding; finansiële inligting; werksgeskiedenis; ID-nommer; naasbestaande; kinders se naam, geslag, ouderdom, skool, grade; fisiese en posadres; kontakbesonderhede; menings, kriminele gedrag en/of kriminele rekords; welstand; vakbondlidmaatskap; eksterne handelsbelange; mediese inligting.</p>
<p><b>Webwerf eindgebruikers / Toepassing eindgebruikers:</b> name, elektroniese identifikasiedata: IP-adres; aanmelddata, koekies, elektroniese lokalisingsdata; selfoonbesonderhede, GPS-data.</p>
<p><b>Deel van persoonlike inligting</b></p> <p>Ons mag persoonlike inligting aan die volgende potensiële ontvangers verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bestuur;</li> <li>• Werknemers;</li> <li>• Operateurs;</li> <li>• Belanghebbendes;</li> <li>• Reguleerders en regeringsliggame; en</li> <li>• Ander derdeparty-ontvangers</li> </ul> <p>Hierdie lys is nie alomvattend nie.</p>
<p><b>Oorgrensoordrag van persoonlike inligting</b></p> <p>Ons mag persoonlike inligting wat ons verwerk, bekend maak aan enige van ons oorsese geassosieerde entiteite of derde-party diensverskaffers, met wie ons sake doen of wie se dienste of produkte ons kies om te gebruik, insluitend wolkdienste wat in internasionale jurisdiksies aangebied word. Persoonlike inligting mag ook bekend gemaak word waar ons 'n wettige plig of 'n wettige reg het om dit te doen.</p> <p>Ons sal in hierdie verband streef om skriftelike ooreenkomste aan te gaan om te verseker dat ander partye aan die POPIA en ons vertroulikheids- en privaatheidsvereistes voldoen, of toestemming/magtiging versoek van die geaffekteerde persone vir die voortgaande oordrag van sodanige persoonlike inligting.</p>
<p><b>Algemene beskrywing van inligtingbeveiligingsmaatreëls</b></p>

WKRWD gebruik gepaste, redelike tegniese en organisatoriese maatreëls om verlies, beskadiging of ongemagtigde vernietiging van persoonlike inligting en onwettige toegang tot of verwerking van persoonlike inligting te voorkom.

Hierdie maatreëls sluit in:

- Brandmure/ Netskans;
- Sagteware vir virusbeskerming en opdateringsprotokolle;
- Logiese en fisiese toegangsbeheer;
- Veilige opstelling van hardeware en sagteware waaruit ons inligtingstechnologie - infrastruktuur bestaan; en
- Uitgekontraakteerde diensverskaffers wat gekontraakteer is om veiligheidskontroles te implementeer.

### **Versoeke**

Enige versoek om toegang tot persoonlike inligting volgens die bepalings van POPIA, moet ingedien word in ooreenstemming met die bepalings uiteengesit in hierdie PAIA-handleiding.

U het die reg om die regstelling, verwydering of vernietiging van u persoonlike inligting aan te vra in die voorgeskrewe vorm, welke vorm op ons webwerf beskikbaar is.

U kan beswaar maak teen die verwerking van u persoonlike inligting in die voorgeskrewe vorm, welke wat op ons webwerf beskikbaar is.

## **8. DIENSTE GELEWER DEUR DIE WKRWD AS 'N OPENBARE ENTITEIT**

### **8.1 Die WKRWD het 'n mandaat om:**

- (i) Aansoeke vir lisensies te ontvang en ondersoek in te stel ten opsigte van die verskillende sektore in die dobbel- en weddenskapbedrywe in die Provinsie;
- (ii) Lisensie-aansoeke te oorweeg; en
- (iii) Regulerende gesag uit te oefen oor die uitvoering van dobbel- en weddenskapaktiwiteite deur alle entiteite en persone wat deur dit gelisensieer is.

### **8.2 As sulks lewer die WKRWD dienste aan die Provinsie, die dobbelbedryf en die publiek deur te verseker dat:**

- Deur ondersoeke in te stel ten opsigte van integriteit en eerlikheid, slegs geskikte persone wat aan die gepaste wetlike vereistes voldoen, gelisensieer word om aan die bedryf deel te neem.
- Deur voortdurende toesig oor die gelisensieerde bedryf, gelisensieerde bedrywighede plaasvind volgens die voorgeskrewe vereistes en prosedures en dit regverdig teenoor die publiek toegepas word.

- Deur die oplegging van lisensievoorwaardes, lisensiehouers aan die ondernemings wat in hul bod gemaak is voldoen of aan ander vereistes soos bepaal deur die WKRDW, en hul aktiwiteite op 'n sosiaal verantwoordelike wyse uitvoer.
- Deur voortdurende navorsing, hou die regsraamwerk waarbinne die WKRDW funksioneer tred met die ontwikkeling op tegnologiese- en ander vlakke.
- Deur die toepassing van die wet, onwettige dobbelaktiwiteite opgespoor en vervolgt word.
- Deur middel van bestendige en deeglike regulering, die bedryf funksioneer in stabiele en geloofwaardige omstandighede.
- Deur gereelde en gedetailleerde nakomingsoudits, word enige gevalle van nienakoming deur lisensiehouers, opgespoor en toepaslik aangespreek.
- Deur gereelde en omvattende finansiële oudits dié fooie / belasting wat betaalbaar is aan die provinsiale fiskus, akkuraat bereken en betyds betaal word.
- Deur die bywoning van sowel nasionale as internasionale konferensies en bedryfsverwante gebeure, tesame met die interne opleidingsprogramme ten opsigte van sodanige bywoning, die WKRDW op hoogte gehou word van die nuutste ontwikkeling in die bedryf.

### 8.3 Selfuitsluiting

Gelisensieerde dobbeloperateurs in die Provinsie bedryf 'n program van selfuitsluiting ingevolge waarvan 'n dobbelaar vrywillig kan versoek om by 'n gelisensieerde dobbelonderneming uitgesluit te word. Die “Nasional Responsible Gambling Programme” het 'n hulplyn vir die behandeling en berading van dobbelaars met probleme. Die program kan tolvry by 0800 006 008 gekontak word.

Die Inligtingsbeampte van die WKRDW of die kantoor van die WKRDW kan gekontak word in verband met toegang tot die voorgenoemde dienste. Die webwerf van die WKRDW kan ook in hierdie verband geraadpleeg word. Sien asseblief paragraaf 3 hierbo vir die nodige kontakbesonderhede.

## 9. OPENBARE DEELNAMEPROSES IN DIE FORMULERING VAN BELEID OF UITVOERING VAN BEVOEGDHEDE OF NAKOMING VAN PLIGTE

9.1 Die Provinsiale Wetgewer nooi die algemene publiek uit om kommentaar te lewer oor voorgestelde wysigings aan die Wes-Kaapse Wet op Dobbelay en Wedrenne en Regulasies. Die WKRDW nooi die algemene publiek uit om kommentaar te lewer oor voorgestelde wysigings aan die WKRDW-reëls.

9.2 By die oorweging en toekenning van dobbellisensies, betrek die WKRDW die publiek by so 'n proses, deur:

9.2.1 Aansoeke vir lisensies in die *Provinsiale Koerant* en koerante wat in die betrokke distrik/gebied gesirkuleer is, te publiseer; en

9.2.2 Belangstellendes uit te nooi om skriftelike besware of kommentaar op lisensie-aansoeke te lewer. Sou die WKRDW besluit om 'n openbare verhoor te hou met betrekking tot enige lisensie-aansoek, word die publiek uitgenooi om mondelinge verhoor te lewer tydens sodanige verhoor.

9.3 Benewens bogenoemde, kan lede van die publiek te enige tyd verhoor rig aan die WKRDW rakende die gedrag van enige persoon of entiteit wat deur die WKRDW gereguleer word. Die publiek word ook aangemoedig om voorstelle vir beleid- of wetgewende hervorming in te dien. Dit sal deur die WKRDW oorweeg word, wat dan die verantwoordelike lid sal adviseer vir doeleindes van wetswysigings.

## **10. REGSMIDDELE BESKIKBAAR IN DIE GEVAL VAN NIENAKOMING MET PAIA**

10.1 As die versoeker gegrief of ontevrede is met die beslissing van die WKRDW, kan hy of sy ingevolge Artikel 78 by die hof aansoek doen vir die gepaste regshulp/remedie.

10.2 'n Versoeker wat gegrief is deur 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam, soos na vervat in paragraaf (b) van die definisie van 'openbare liggaam' in Artikel 1 van PAIA,

- (i) Om 'n versoek om toegang af te keur; of
- (ii) 'n besluit geneem ingevolge artikel 22, 26(1) of 29(3),

mag ingevolge Artikel 77A van PAIA, binne 180 dae na die besluit, 'n klag indien by die Inligtingsreguleerder, waarin beweer word dat die besluit nie in ooreenstemming met PAIA was nie, op die voorgeskrewe wyse en vorm, uiteengesit onder **Aanhangsel “A”**, vir die gepaste regshulp/remedie.

10.3 'n Derde party wat gegrief is deur 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam soos na vervat in paragraaf (b) van die definisie van 'openbare liggaam' in Artikel 1 van PAIA, om 'n versoek om toegang toe te staan, mag ingevolge Artikel 77A van PAIA, binne 180 dae na die besluit, 'n klag indien by die Inligtingsreguleerder waarin beweer word dat die besluit nie in ooreenstemming met hierdie Wet was nie, op die voorgeskrewe wyse en vorm, uiteengesit onder **Aanhangsel “A”**, vir die gepaste regshulp/remedie.

## **11. BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING**

Hierdie handleiding sal in drie amptelike tale op die WKRDW se webwerf: [www.wcgrb.co.za](http://www.wcgrb.co.za), beskikbaar gestel word, en sal gedurende normale besigheidsure by die kantore van die WKRDW beskikbaar wees vir openbare inspeksie.

## **12. VOORGESKREWE GELDE – OPENBARE LIGGAME**

Die voorgeskrewe gelde vervat in **Aanhangsel “B”** in die Regulasies wat ingevolge PAIA uitgedien is, moet deur die versoeker betaal word voordat enige versoekte rekords aan die versoeker beskikbaar gestel kan word.



Vir enige versoek wat meer as ses uur sou benodig om toegang te verkry of om voor te berei vir die bekendmaking van die rekord, is een derde van die toegangsgeld betaalbaar deur die versoeker as n deposito, volgens Artikel 22(2) van PAIA. Die posgeld koste is betaalbaar deur die versoeker wanneer 'n afskrif van die rekord aan die versoeker gepos moet word.

## AANHANGSEL A

### DEFINISIES

<b>Term</b>	<b>Definisie</b>
<b>Beampte</b>	Die hoof uitvoerende beampte van die WKRDW, of ander personeel wat deur die WKRDW aangestel is.
<b>Derde Party</b>	Met betrekking tot 'n versoek om toegang tot -  (a) 'n rekord van 'n openbare liggaam, enige persoon (insluitend, maar nie beperk nie tot die regering van 'n vreemde staat, 'n internasionale organisasie of 'n orgaan van daardie regering of organisasie) behalwe -  (i) die betrokke versoeker; en  (ii) 'n openbare liggaam of  (b) 'n rekord van 'n privaat liggaam, 'n persoon (insluitend, maar nie beperk nie tot, 'n openbare liggaam) behalwe die versoeker, maar vir die doeleindes van Artikel 34 en 63 van PAIA, moet die verwysing na "persoon" in paragrawe (a) en (b) beskou word as 'n verwysing na 'natuurlike persoon'.
<b>Handleiding</b>	Die PAIA Handleiding
<b>Hof</b>	(a) die Konstitusionele Hof wat handel ingevolge artikel 167 (6) (a) van die Grondwet; of  (b) (i) 'n hooggeregshof of 'n ander hof met soortgelyke status; of  (ii) 'n Landdroshof vir enige distrik of vir enige streeksafdeling wat deur die Minister vasgestel is vir die beregting van siviele geskille ingevolge Artikel 2 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), hetsy in die algemeen of met betrekking tot 'n bepaalde klas besluite ingevolge hierdie Wet, aangewys deur die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant en onder voorsitterskap van 'n landdros, 'n bykomende landdros of 'n landdros van 'n streeksafdeling wat vir die doel van die beregting van burgerlike geskille, soos wat dit mag wees, aangewys is ingevolge Artikel 91A, binne wie se regsgebied-  (aa) die besluit van die inligtingsbeampte of relevante owerheid van die openbare liggaam of die hoof van 'n private liggaam geneem is;

	<p>(bb) die betrokke openbare liggaam of privaatlifgaam sy hoofadministrasie of besigheid het; of</p> <p>(cc) die betrokke versoeker of derde party woonagtig is of gewoonlik woonagtig is.</p>
<b>Inligtingsbeampte</b>	Die hoof uitvoerende beampte van die WKRDW of die persoon wat as sodanig optree.
